Johan Claassen Broers
(EDMS.) BPK.
Telefoon 3612
POTCHEFSTROOM

MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS

die WAPAD

Amptelike Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

JAARGANG XXIII — WOENSDAG 1 MEI 1968 — No. 9

A. VORSTER APTEEK
Octron-gebou,
Lombardstraat.
VIR VINNIGE AFLEWERING
SKAKEL 7074.

Puk se eerste Karnaval

'n reuse-sukses

'n REUSE-SUKSES! Iets unieks in die geskiedenis van die Puk en iets wat sonder twyfel in die vervolg herhaal moet word en selfs op groter skaal. Dit was die algemene mening onder persone wat deur Die Wapad genader is vir hulle menings oor die pas afgelope karnaval.

Almal wat genader is, het groot tevredenheid uitgespreek met die wye verskeidenheid vermaak wat gedurende die karnaval aangebied was. „Daar was werklik iets vir elkeen", het een persoon die algemene mening vertolk.

Veral die konserte wat in die aande gehou is in die Sentrale Eetsaal, het groot byval gevind, soos veral geblyk het uit die feit dat haas geen leë sitplekke tydens enige van die vier aande te bespeur was nie. Veral gewild onder die studente was Groep II, wat Woensdagaand opgetree het. Ook die Drakensbergse Seunskoor het gunstige kritiek ontlok.

VLOTOPTOG

Met die vlotoptog op Saterdag is van alle weë groot tevredenheid te kenne gegee, veral met die oorspronklike idees wat in die meeste vlotte beliggaam is. Met die beoordeling Saterdag het prof. P. D. van der Walt, een van die beoordelaars, dan ook gesê dat die beoordelaars beindruk was met die oorspronklikheid en die afwerking van die meeste vlotte.

S.R.-VOORSITTER

In 'n onderhoud met Die Wapad het die S.R.-voorsitter, mnr. Willie Coetzee, gesê dat die karnaval 'n pragtige sukses was met die inagname van die feit dat dit die eerste geleentheid van dié aard was en die Puk sielkundig met ander universiteite moes kompeteer.

Mnr. Coetzee het sy tevredenheid uitgespreek met die wye verskeidenheid vermaak wat die karnavalkomitee aangebied het. Hy het die groot sukses met die karnaval, skynbaar ook op finansiële gebied, toegeskryf aan die feit dat die organiseerders besonder groot gedink het.

PUIK GEREAGEER

„'n Studentegemeenskap wat vir die eerste voor 'n situasie soos hierdie te staan gekom het, het puik gereageer", het mnr. Coetzee gesê.

ANTI-KLIMAKS

Die groot gevaar is nou 'n anti-klimaks na die karnaval en kort voor Intervarsitie, het mnr. Coetzee gesê. Hy het die massa aangemoedig „om die gees wat soek was en nou gevind is, tot 'n verdere hoogtepunt te voer", en Bloemfontein met Intervarsitie op horings te neem.

DANK

Die voorsitter van die karnavalkomitee, mnr. Johan Kruger, het in 'n onderhoud sy dank uitgespreek teenoor die koshuise vir hulle puik samewerking, iets wat baie bygedra het tot die karnaval se sukses. Alhoewel alles nog nie afgehandel is nie, het mnr. Kruger gesê dat 'n aansienlike wins uit die karnaval verwag word.



'n Gesig op Kerkstraat tydens Saterdag se vlotoptog. In die voorgrond is die wenvlot.

Foto: Fotokuns

SENTRUM GEWILD BY STUDENTE

Die Sentrum vir Internasionale Politiek se populariteit styg daagliks en dit is te danke aan die diens wat die sentrum aan sy lede en studente bied, en die goeie reklame wat deur die sentrum geloods word.

Daar word reeds 1500 eksemplare van die maandelikse nuusbrief gedruk en dit word gratis aan personeellede, staatsleer studente en die Rapportryerskorpse deur die hele land verskaf.

HOëRSKOLE

Volgens 'n woordvoerder van die sentrum stel die Transvaalse Hoërskole baie belang in die nuusbrief wat gewoonlik handel oor die sake van aktuele belang.

Studente besoek die sentrum heelwat maar om die werklike belangstelling vas te stel, sal die Sondagkoerante eers van die rak verwyder moet word.

Kunsvereniging nooi studente

Die Potchefstroomse tak van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging nooi die studente van die Universiteit hartlik uit om aan te sluit by hul vereniging.

Daar is voorsorg getref vir verminderde ledegeld vir studente. Die vereniging is nie slegs vir dosente en lede van die publiek bedoel nie, daarom sal hul graag studente in hul geledere wil opneem.

Uitnodiging


Die redaksie van Die Wapad doen 'n vriendelike beroep op alle studente, en veral bestuurslede van verenigings en sportklubs, om berigte oor hulle bedrywighede in Die Wapad-bussie voor die S.R.-kantoor te gooi.

Die redaksie maak graag van sulke berigte gebruik as dit plasing regverdig. Berigte hoef nie getik te wees nie.

Otto Krause praat voor Sentrum

Nog 'n byeenkoms van die Sentrum vir Internasionale Politiek vind vanaand om 7.30 nm. in die Frans du Toit-gebou plaas.

Die onderwerp van die byeenkoms is „Die grootmoonthede en Suid-Afrika", en dit sal ingelei word deur mnr. Otto Krause, redakteur van 'n bekende Suid-Arikaanse nuustydskrif.



Geslaagde toer deur H.S.V.


Die P.U. en P.O.K. se Hervormde Verenigings het pas 'n baie geslaagde verskeidenheidskonserttoer agter die rug.

Ds. en mev. De Beer het as toerouers opgetree, en die studente het Krugersdorp, Brits, Rustenburg, Koster, Groot Marico en Lichtenburg aangedoen. Die doel van die toer was om die geldkaste van die twee verenigings tot bo die broodlyn te bring.

'n Verskeidenheidskonsert sal op 17 en 18 Mei in die Pote-saal gehou word. Op die 17 Mei word dit spesiaal vir die studente teen

Op die foto bo verskyn twee van die persone wat 'n bedrywige tyd gehad het tydens die afgelope karnaval, Leo van Schaik (links), en Piet König (regs). Hulle was verantwoordelik vir die beligting tydens die konserte wat saans in die Sentrale Eetsaal langs Karlien gehou is.

Foto: Fotokuns



'n Besondere aantrekkingskrag tydens die karnaval was die arena voor die hoofgebou, wat deur Haak en Steek opgerig is. Groot getalle studente het die verskillende vertonings hier bygewwoon. Op bygaande foto is 'n judo-vertoning aan die gang. In die agtergrond is Radio Biafra.

AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
GESKENKE
POTTEBAKKERY
JUWELE
TOMSTRAAT
FOON 5943, 3377

BOUQUET
BLOEMISTE,
STADSENTRUM.
Tel. 6575.

GROSVENOR MOTORS
Lombardst. 47. Kerkst. 69.
Telefoon: 4351/2/3
POTCHEFSTROOM.

GEMAGTIGDE FORDHANDELAARS
ANGLIA — CORTINA
CORSAIR — ZEPHYR
ZODIAC — FAIRLAINE en GALAXIE
Asook:
VESPA
en
LAMBRETTA
BROMPONIES.

JOUBERT MEUBELS
Kerkstraat 201, Tel. 3420,
POTCHEFSTROOM.

Vir
MODERNE MEUBELS
en alle
HUISHOUDELIKE TOERUSTING

Ons spesialiseer
in die verskaffing van die
Jongste
Plaat-opnames
Kom besigtig ons groot reeks.

Met komplimente van
AJAX
(Edms.) Bpk.
BOEKE —
SKRYFBEHOEFTES

Vir al u
APTEKERS- EN
FOTOGRAFIESE
BENODIGDHEDE
Besoek:
APTEKERS
J. P. VAN DER WALT
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 118,
Telefoon 3237,
POTCHEFSTROOM.

die WAPAD

WOENSDAG 1 MEI 1968

Na Die Karnaval

Karnaval '68 is toe ook verby. Die groot gebeurtenis waarvoor maandelank beplan is, en waaroor maandelank gepraat en bespiegel is, is nou iets waarop teruggekyk kan word.

Reeds nou al kan 'n mens nie anders as om jou tevredenheid uit te spreek met wat ons alles kon belewe in die karnavalweek nie. Welliswaar het die karnavalkomitee nog nie sy verslag uitgebring oor die meer konkrete sake i.v.m. die aangeleentheid, soos die finansies nie. Maar selfs al sou die karnaval nie die reusagtige finansiële sukses wees as wat ons van ander universiteite gewoond is nie, is daar vir ons tog 'n wins daaruit: die Pukmassa het aan homself bewys dat hy nog iets kan aanpak en dit deurvoer, en dit suksesvol deurvoer.

Maar wat miskien nog groter wins is, is dat ons as Pukke aan vriend en vyand bewys het dat ons in wat ons doen, 'n behoorlike balans kan bewaar en ons nie te buite gaan nie. Sonder twyfel was daar baie mense wat met verlangende oë uitgekyk het vir misstappe en buitensporighede om lawaai oor te maak. Hulle het dit nie reggekry nie. Vir die Pukke was dit nie nodig om met hierdie karnaval ander universiteite een oor te probeer wees nie. Ons is Pukke en ons hou karnaval.

En nou, tot die onsteltenis van daardie pessimiste wat glo dat studentebedrywighede die ewige vyand van akademiese bedrywighede is, lê Intervarsitie ook voor die deur. Die laaste sessie sing-songs het reeds begin. Kom ons lê daarvoor net soveel en nog meer geesdrif aan die dag as vir die karnaval.

En kom ons bewys ook in ons voorbereiding vir Intervarsitie en met Intervarsitie self aan almal wat belangstel dat Pukke Intervarsitie hou op 'n manier wat die sportblad haal, nie die skandaalblad nie.

Flukse Niksdoeners

In my hoedanigheid as sportredakteur van die P.U. se studentekoerant, voel ek dit my plig om my teen 'n bepaalde ,,euwel'' aan ons universiteit uit te spreek. Dit gaan vir my nl. hier om die studente wat ek graag flukse niksdoeners noem.

Elke middag van die week sien ek hulle met seilskoene die veld invaar. Een-een of twee-twee poog hulle om die laste van die akademie uit te sweet. Ek voel jammer vir die sulkes, dit moet vreeslik wees om jou laste so alleen te dra. Hulle krap my egter ook beslis om. Dink hulle nie dit is selfsugtig om hul ontspanning so versigtig vir hul self te reserveer nie.

By hierdie groepie veldkenners reken ek nou nie die manne wat vir die komende landloopseisoen voorberei nie (ek bewonder egte landlopers). Maar wel tel ek nog by hierdie groep die manne wat so knaend tafeltennis speel in die koshuis (en nie aan die tafeltennisklub behoort nie) maar nooit by 'n werklike georganiseerde sportklub aanmeld nie.

Daar is ek nou waar ek wou wees; georganiseerde sportklubs aan die P.U., wat leegloop terwyl ons velde — weivelde as u wil — elke middag swart is van die ,,flukse niksdoeners''. Waarom doen hierdie manne van die ,,ope veld'' en koshuisontspanningsale nie mee aan die georganiseerde sport van ons universiteit nie. So kan hulle in die heerlike same syn van spanmaats hul laste met ander deel en ook hul deel bydra om ons universiteit, nie net op akademiese gebied nie, maar ook op die sportgebied van die beste in die land te maak.

SPORTREDAKTEUR.

PARADISE RESTAURANT
Dié kafee op Die Bult ...
dié kafee waar studente hul
koeldrankie drink,
EN SNOEKER SPEEL!
BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WELKOM.
Tomstraat 86 Tel. 5474

In U Lig

Hierdie is geen probleemstelling nie, dit is geen vraagstuk nie, dit is eenvoudig 'n verskynsel in ons tyd — ook selfs hier en daar op die Puk. 'n Modeverskynsel wat sy aanspraak nie net op tienderjariges maak nie.

Miskien gaan dit in mens se kleredrag ook om gesindheid; miskien word deur hierdie uiterlike ook iets van die innerlike openbaar gemaak. En as dit die algemene gesindheid van ons moderne dametjies sou wees om soveel as enigsins moontlik van hulle dytjies bloot te stel vir die gretiges wat kyk, dan sou die dag swaar en swart oor ons jeug aanbreek. Ergste is dat hulle wat dit oor die algemeen die minste kan bekostig dit die meeste waag. (Geen wonder dat hierdie super-kort rokkies geheel en al verbied is in een van ons swart buurstate nie!)

Gelukkig word dit met groot uitsondering op die Pukkampus opgemerk. Daar is nog 'n kerngesonde deel van ons volk aan ons universiteit. Dit is inderdaad ook deur die Karnaval aan ons bewys.

Daarom is dit goed om te weet dat mens niks toevoeg tot die verdieping van jou innerlike deur uit gebrek aan innerlike diepte te kompenseer met uiterlike gewaagdheid nie. Dit is, moontlik as gevolg van die enersheid van alles en almal in ons tyd — die massafikasieproses dus — die neiging by die jeug om te skok, om anders te doen en te wees.

Laat ons ons andersheid rig op innerlike vernuwing sodat ons selfrespek kan behou — want ons is vrygekoop deur Christus.

= Deur My Lens =

My lag het weer eens oor die kampus gebeier, deur die geboue gerammel en in skere mense se harte 'n chemiese reaksie veroorsaak. Kom ons besluit: ons lag vir onsself. Ons is groot volwasse mense; Ons soek nie sondebokke nie. Ons aanvaar mekaar se integriteit.

Sommige onder ons is geel siek plantjies in die son. Vir julle lag ek nie. Julle het my volle menslike medelye. Dit moet bitter wees om so te lewe: sonder die lag vir die self. Mens moet gedurig inventaris hou van die binneste self. En die lag (humor) is in ons ingelê om baie dinge draagliker te maak.

KARNAVAL

Die karnaval was mooi. 'n Woord van hartelike gelukwensing aan die voorsitter van die karnavalkomitee wat met onvermoeide ywer gewerk het, en sy helpers. Die vlotoptog was oorspronklik veral het die afgewerktheid my getref. Ek dink die keuse om uit die ryk skat van Afrikaanse spreukwoorde temas te kies was 'n gelukkige keuse. 'n Ruiker aan die mense wat so hard daaraan gewerk het —selfs nagte deur. 'n Verdere ruiker aan al die Pukke wat hulle soos egte Pukstudente gedra het. 'n Taai klap aan diegene wat die gees in die bottel gesoek het.

Maar kom ons kyk na die week se verrigtinge. Die konserte elke aand is druk bygewoon wat toon dat daar 'n groot behoefte is aan ligte vermaak. Ek kon nie alles bywoon nie, reflector is maar arm (hoe lyk dit met 'n silwerkollekte? nietemin het Lucille Ackermann en Maureen Moore my nogal beindruk — oulike stemmetjies, lyfies et cetera. Sommige van die besoekers was maar dof en die grappe... maar gun elke diertjie sy plesiertjie. Hulle was immers ons gaste. Daarom swyg ek hoflik.

ARENA

Die seuntjies was glo skitterend — verneem ek. Die arenavertoning was die beste. Veral die flambojante Spaanse danse. Vol swier, duiselende ritme en tartend soos die dans in die beste tradisie is. Binne hierdie aardse drif het veral die klein bietjie melankolie my saamgeneem na die sjarmante ou Spanje met sy mooi tradisie en begeerte om te lewe. Dit was die grootste op die karnaval se kunsfront. Verder was daar nog die man met „the golden trumpet" — interessante karakter en onbetwisbaar 'n meester.

Om dus saam te vat: 'n aangename week met heelwat hoogtepunte. Ons almal sê dankie, ook aan die owerhede wat ons so goedgesind was. Ons oop dit word 'n tradisie aan die Puk wat van krag tot krag sal gaan.


ATLETIEK

En nou die atletiek. Dit was ook mos deel van die karnaval? Ek kon ongelukkig nie daar wees nie, maar ek verneem dit was 'n luitserryke byeenkoms met 'n redelike hoë standaard wat deurgaans gehandhaaf is. Geluk aan ons vyf springbokke wat gekies is vir 'n toer later vanjaar deur Duitsland. Geluk ook aan die geagte S.R.-voorsitter wat aangewys is as kaptein van die span.

'n Taai klap aan die I.O.K. en sy voorsitter. 'n Skop aan die swart bobbejane wat die wêreld regeer. Een of ander tyd moet die dinge begin boemerang. Intussen sal ons stil aangaan. ons werk doen, ons sport beoefen en nie allerhande simpel verklarings uitreik nie — ons is nie kletsers nie — ons prestasies moet die dinge bewys.

INSLEEP!
WAARHEEN ALMAL SLEEP
Koshuisbestellings: 6039

Pootuit?



HAAK EN STEEK SPEEL GROOT ROL MET KARNAVAL

Haak en Steek het gedurende die afgelope karnaval 'n reuse rol gespeel. Nie alleen was die koshuis verantwoordelik vir die arena wat groot aftrek gekry het nie, maar hulle het ook 'n fakkelloop tussen Klerksdorp en Potchefstroom aangepak.

Asof dit nie genoeg is nie, is die wenmotor in die tydren bestuur deur Hans Strydom, 'n inwoner van Haak en Steek, met Fanie Coetzee uit die dorp as navigator.

WINS

'n Woordvoerder van die koshuis het gesê dat die wins van die arena-aanbiedings, ten spyte van die reën, nog drie syfers behoort te beloop.

MARATHON

Ook die marathon tussen Klerksdorp en Pothefstroom het groot belangstelling uitgelok. Die goeie ense van die dorpsowerhede van Klerksdorp en Stilfontein is onder groot openbare belangstelling deur die huiskomitee ontvang en by hul aankoms op die kampus aan die karnavalkomitee voorgelees.



J. P. L. van der Walt en Neels Buitendag, die twee huiskomiteelede van Haak en Steek afgeneem tydens die marathon Vrydag, waartydens hardlopers van Haak en Steek 'n vlam en boodskappe van die dorpsvaders van Klerksdorp en Stilfontein na Potchefstroom gebring het.

Pukke oorheers J.V.-kongres

Die afgelope vakansie het die Puk weereens die leiding geneem op die jaarlikse J.V.-Kongres, wat gehou is te Klerksdorp.

VERWêRELDLIKING

Die Kongrestema was verwêreldliking. Die geestesproses is van verskeie kante benader deur verskillende sprekers, waaronder drie professore en twee predikante. Al die sprekers kom van Potcchefstroom.

Die lewende belangstelling en verteenwoordiging van die Puk-J.V.'s op die Kongres was van groot waarde vir ons Universiteit het 'n woordvoerder gesê.

Die tradisionele Kongreskonsert is uitsluitlik deur die Pukke aangebied.

Ons Lesers Skryf

Huisvaders wens studente geluk met karnaval '68

Geagte redakteur, — Daar gebbeur in ons tyd soveel opsienbarends dat die ongewone dinge by ons geen buitengewone reaksie meer ontlok ie. Dit is nie maar net die geval op die terrein van die wêreldgebeure en volkeverhoudinge nie, maar ook in die klein kring van ons studentegemeenskap.

Die afgelope tyd het verskeie groot dinge gebeur wat tog werklik nie by ons ongemerk verby kon gaan nie. Soms kry die studente miskien die indruk asof daar van die kant van die personeel 'n Stoisynse onbewoëndheid en onopmerksaamheid, ja onverskillighheid heers t.o.v. die studente-aktiwiteite.

NIE DIE GEVAL

Laat dit egter bekend wees dat dit nie die geval is nie. Daar is by die personeel meer belangstelling in die student as net ten aansien van sy jaarpunt en slaagsyfer.

As daar prestasies gelewer word op die sportveld soos op atletiekgebied in die afgelope tyd, kan dit tog nie die aandag ontsnap nie. Dat 'n kwart van die atletiekspan van die Republiek wat oorsee gaan optree, Pukke is en dat die kaptein boonop een van ons is, dit stem ons almal tot groot dankbaarheid en vervul ons met opregte trots. Dit laat ook die harte van die personeel warm klop.

KARNAVAL '68

Maar daar is nog 'n saak wat nie onopgemerk verbygegaan het nie, en dit is Karnaval '68. Dit was, soos almal weet, iets nuuts, noem dit 'n eksperiment, wat Potchefstroom en sy studente betref. Vooraf is daar baie gegis watter vorm dit sou aanneem. En toe die opset bekend gestel is, het almal gewonder hoe dit alles sou verloop en of die eerste pogings geslaagd sou wees.

GROOT OPSET

Nou dat alles verby is, kan mens eers werklik besef hoe groot van opset Karnaval '68 was. Die organiseerders het visie geopenbaar en bewys gelewer dat daar op waardige en op positiewe wyse werklik feesgevier kan word. Daar was genoeg jolyt maar ook genoeg erns. Daar was pret en plesier maar daar was ook kultuurarbeid. Die publiek van Potchefstroom het ook ten volle geleentheid gekry om deel te hê aan die aangebodene.

Die kollegium van huisvaders, wat uiteraard meer met die doen en late van die studente by die voorbereidings en aanbieding van die karnaval gemoeid was, vind dit 'n behoefte van die hart om die studente geluk te wens met die goeie gees wat geopenbaar is. Ons wil aan Studenteraad, aan karnavalkomitee en almal wat meegewerk het sê: iets buitengewoons het aan die P.U. en in Potchefstroom met hierdie karnaval gebeur. Daar is geskiedenis gemaak met die karnaval. As op die fondament voortgebou word, kan baie groot dinge verwag word.

STERKTE

Dankie dus, en sterkte vir die toekoms.

Prof. S. C. W. DUVENHAGE

HOEKOM IS MANS NIE BEKENDGESTEL?

Geagte Redakteur, — Ek wil net graag my mening lug i.v.m. enkele sake wat die afgelope tyd onder my aandag gekom het, en waarop sinvolle antwoorde verwelkom sal word.

So dink ek nou aan verlede Sondagmiddag, toe mans, vergesel van lede van ons SR., die middagmaal saam met ons genuttig het. Is dit dan nou te veel gevra as ons verwag het dat die here aan ons bekendgestel sou word, al sou dit ook in 'n groep gewees het?

Ek het die indruk gekry dat ons „vreetsaam" verkeer het en dat ons „dik vriende" uitmekaar is — maar wie is hulle?

BRIEF

Tweedens dink ek ook aan 'n brief waarin daar te velde getrek is teen die dames wat nie ook hulle stem laat hoor op die massavergaderings nie.

My antwoord hierop is dit: geen dame hou daarvan om in 'n vergadering onder 'n gefluit en gegil orent te probeer kom en dan te wag totdat die voorsitter die massa tot bedaring gebring het nie. Nou sal u sê dat ons ons nie aan diesulkes hoef te steur nie, maar ongelukkig is hulle wat my betref, 'n ontwrigtende faktor in die samelewing wat geignoreer moet word.

Tydens die afgelope redenaarskompetisie wat gesteun word deur die Wolnitmaatskappy, het 'n dame die eerste plek verower. Dit is tog vir my 'n bewys dat ons nie swyg omdat ons nie 'n opinie het nie — daar moet ander redes voor wees.

REDENAARSKOMPETISIE

Terloops — waarom is dit so stil inverband met die uitslag van die redenaarskompetisie? Kan een van die here wat so graag wil hê dat ons ons mening moet lug nie dalk 'n beriggie plaas en die wenner aan die massa bekendstel nie? Dit kan dalk vir die dames as aansporing die om hul menings te lug — ten spyte van die onaangenaamheid wat dit vergesel. Ons is mos darem nie niks werd nie!!

(Mej.) C. VAN WYK

Gert en Sias na aan studente se hart

Gert en Sias (Groep 2) is nou maar net eenmaal die manne so na die kart van 'n student. Dit is verlede Woensdagaand weer bewys toe hulle saam met ander kunstenaars in Karlien se eetsaal opgetree het.

LUCILLE

Lucille Ackerman, bekende Suid-Afrikaanse sopraan het die aand se verrigtinge ingelei. Francois van Heynigen het net na haar opgetree. Alhoewel hulle optrede puik was, het die karnavalbegeesterde studente nie aan hulle die verdiende applous gegee nie.

Die verskyning van Groep 2 op die verhoog het, het jou werklik 'n beroering onder die studente veroorsaak. Hulle het gewilde en opgewekte liedjies gesing wat die studente sommer spontaan saam gesing het.

Die applous deur die studente het telkens getoon dat die studene hoogs tevrede was met die sang.

Die aand se konsert was baie geslaagd en 'n lekker, sorgvrye studente gees het hoogty gevier.

STUDENTE BY KURSUS IN JOHANNESBURG

'n Opfrissingskursus vir predikante in jeugsorg is op 23 en 24 April in Johannesburg gehou.

Predikante oor die hele land het die verrigtinge bygewoon, asook die studente van die Teologiese Skool. 'n Groep studente van die Departement Kultuurkunde het die verrigtinge as deel van hulle praktiese werk bygewoon.

PROBLEME

Almal is opnuut gekonfronteer met die probleme van die jeug, spesifiek die Kerkjeug en die eise wat dit stel aan die pastor en aan die Kerk in die algemeen.

Die hele aksie het uitgegaan van die Geref. Teologiese Vereniging van die Rand. Twee jaar gelede het 'n soortgelyke simposium plaasgevind in Potchefstroom. By die geleentheid is daar besin oor die taak van die predikant in verskeie probleemgevalle.

Die algemene mening is dat meer soortgelyke simposiums die pastorale praktyk in Suid-Afrika op 'n beter en aktuele vlak kan bring soos reeds oorsee die geval is.




So hou ons Karnaval



















Alle karnaval-foto's is geneem en is verkrygbaar by

FOTOKUNS







Belg voor kunsvereniging

Die Potchefstroomse tak van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging nooi die studente hartlik uit na die voordrag van mnr. H. Liebars, hoofkonservator van die Koninklike biblioteek te Brussel.

Die tema van sy voordrag is: die Bourgondiese Miniatuurkuns en daarmee saam sal ook 'n 16 mm. film in verband met die onderwerp vertoon word. Toegang is gratis.

Die voordrag vind plaas in die plantkundegebousaal om 7.30 nm. Dit word gereel in samewerking met die Wes-Transvaalse Bibioteekvereniging.

Alle fotos in hierdie uitgawe wat by die karnaval geneem is, is deur Fotokuns. Hierdie fotos, plus heelwat ander, kan by Fotokuns bestel word.

Verlief Verloof Verlore?



Ja!? Ai, mense die karnaval het gekom en gegaan net soos 'n skool sardiens maar ongelukkig vir die slepers het ek toe weer agter gebly. Maar wat ek gee glad nie om as julle vir my kwaad word nie want wat is dit nou tussen vriende?

VOLKSPELEKURSUS

Weet julle ek het raad vir ons non-slepers, julle sal nooit raai nie maar ek dink ons moet ook so 'n slaggie op 'n volkspelekursus gaan. Oe, maar hulle is gelukkige mense! Ja, ek praat nou van Ina van Wyk wat ook oorkant die rivier gegaan het om daar talent te gaan soek, en Marietjie van der Walt het toe so ewe maar Ina se voorbeeld gevolg. Wel, dames dit is die regte manier om ons vyande te benader. Al kan ons hulle nie op die rugbyveld wen nie sal ons hulle met die hart verower. Die volkspelekursus het ook sy nadeel gehad vrinde, want Johan Schutte het niks daarby gewen nie: inteendeel, Susan het sy hart saam geneem na ons ander vyande oorkant die Vaal. Ek sê weer, mooi so Johan!

Dit wil my veral voorkom asof Oosterhof se dames baie bedrywig is. Daar is nie 'n oomblik nie of die deurklokkie lui. Soms is dit Johan Vorster wat vir Laurentia van der Berg wag. Ja, buurman, ek wonder self ook wie betaal die skoene! As dit so aanhou, sal hy een van die dae op sy voete ees. Maar, dis nog niks nie, arme Wollie Wolmarans moet van Fochville af loop (askies tog!), ek bedoel ry om net hier voor die koshuisdeur op die skone Elmie Pretorius te wag. Glo my, dit is die moeite werd om te wag.

DIE BITTEREINDERS

Maar wat sal ons nou sê van Martie Viljoen? Ons sien al 'n hele rukkie die Sternsuitdrukking in haar oë, Martie ons hou saam duimvas, sien uit na die ring. Toemaar Frieda, ek het jou en Johan nie vergeet nie. Pukke, dis nou vir ons almal 'n voorbeeld, Johan kyk nie links of regs vir die afgelope tweeen 'n halfjaar. Hester du Plessis en Johan Krugger se geval raak ook een van kroniese gehalte. Een ding is seker Jan Blom stel ook 'n voorbeeld want hy verwaarloos Marita geensins nie.

'N LIEDJIE VAN VERLANGE!

Wat van die „verre" liefdes? Rina Fourie eet, slaap en droom net Saldahnabaai die militêre kamp...? Dit is Jan de Wet wat daar sweet. Haai en praat van die vonkel in haar oë, noem net die naam van Allan Kearns en hou dan maar vir Cheryl Coetzee dop, so asof sy „torch batteries" ge-eet het. Anna-marie Greef se hartklop, Giel Engelbrecht sit doer onder in die Kaap, ek sê sterkte!

Nog mense wat kla dat die akademie inbreek maak op die sosiale bedrywighede, is Coline Clark en Frans, en Minnie Steyn en, maar ag, hy't nie meer bekendstelling nodig nie.

Goeienag.

SLEGS EEN PUK HAAL W.-TVL.-JUDOSPAN

Op Maandag 22 April het die Wes-Transvaal judoproewe in die Over de Voor-eetsaal plaasgevind. Die doel van die proewe was om 'n span saam te stel om teen Noord-Transvaal mee te ding.

Die enigste Puk at die span gehaal het, is Martin Roodt. Die karnaval het baie van die ander lede van die span so besig gehou dat hulle nie deeglik kon voorberei nie — aldus mnr. Bertie Pretorius, kaptein van die P.U. se Judoklub.

FASILITEITE

'n Groot struikelblok vir die klub is egter ook die gebrek aan voldoende fasiliteite. Veral die klein sinkgeboutjie agter die hoofgebou het onvoldoende geword vir die sterk groeiende klub. Dit is dan ook moeilik om 'n werklike spangees en gesonde atmosfeer vir die kweek van goeie sportmanne op te bou.

Komende Saterdag gaan die dames van die klub deelneem aan 'n uitnodigingskampioenskappe op Strathvaal. Daar word ook deur die klublede uitgesien na die gradeering wat in die tweede semester sal plaasvind.

INTERVARSITIE

Die judo-mense is hard besig om hul vere so goed moontlik reg te skud vir die Intervarsitie wat net om die draai is. Hulle beplan dan ook om drie spanne op die mat te stoot. Daar word nl. 'n A-span sowel as 'n B-span vir die mans beoog en een damesspan.

KUNSGESELSIE

As mens aan die Franse skilderkuns dink, kom die gedagte van impressionisme onmiddellik by mens op. Franse skilders het hierdie stylrigting tot sy hoogtepunt gevoer en ons bekend gestel aan die stylrigting in die kuns. Nie net in die kuns nie maar ook in musiek vind ons hierdie styl ten beste tot uiting gebring, ook by die Franse.

CLAUDE MONET

Die Franse impressioniste verkry hul naam deurdat 'n spotblad Charivari na aanleiding van Claude Monet se skildery „Soleil levant Impression" hul so noem.

Die impressioniste propagreer 'n onvoorwaardelike terugkeer na die natuur en die natuurlike. Hulle knoop die stryd aan teen die heersende akademisme wat aan die kuns en kunstenaars allerlei wette voorskryf wat hulle egter tog net verwerp het. Die impressioniste wil egter iets meer en iets anders as 'n kopie van die natuur gee. Vir hulle was die aller belangrikste die moment waarop die natuur waarop die natuur waargeneem word. Die natuur — so redeneer hulle — vertoon homself van dag tot dag en van uur tot uur anders. Die een NOU is verby sodra ons dit uitgespreek het en, en dan tree die volgende NOU onmiddellik in tot in oneindiging.

ONVERSKILLIG

Die impressioniste was onverskillig wat betref die posisie, doel en samestelling van dinge en hul klee hul indrukke in kleure en nuanses wat volgens hulle die beste tot uiting gebring kan word. Verder wil hulle alleen skilder wat hul sien en hoe hul dit sien, sonder bygedagtes of bybedoelings. Daar word gestreef na die grootste moontlike objektiwiteit en probeer om alle persoonlike oorwegings te verdring. 'n Volstrekte objektiwiteit is egter nie moontlik nie, want die fisiese gesteldheid bly altyd 'n rol speel.

As alleen die indruk geskilder word, praat mens van naturalistiese impressionisme en as dit vermeng is met persoonlike sentimente noem ons dit fisiologiese impressionisme. Die vaslegging van 'n moment vereis 'n besondere werkwyse, 'n sovinnig moontlike aanbringing van verf in die regte lig- tn donker kleurwaardes op die regte plek sonder voorafgaande skets, sonder nadere afwerking. Die verf word algemeen in klein kleurvlakke aangebring, veral Renoir het dit toegepas.

Die impressionisme is kragtens sy wese in eerste plek 'n koloristiee kuns, lewensbly en wil om sy eie ontwil opgemerk word. Dit stel geen lewensprobleme, die verfoei sogenaamde historiese-skildering van die die vorige generasies, dit verwerp alle hulpmiddels as leë doppe, dog dit gryp in die volheid van die lewe en wens alleen om die natuurlikheid ten volle in die oë te kyk.

KONSERTE VIND BYVAL BY LIEFHEBBERS

Die afgelope twee Meesterskonserte het weereens byval gevind by alle Potchefstroomse musiekliefhebbers. Die Tjellis Tibor de Machlua het werke gelewer van Brahms, Bach, Debussy en Beethoven terwyl Friederich Schuur hom op die klavier begelei het.

Die sonate in A majeur vir tjello en klavier van Beethoven was voorwaar 'n hoogtepunt. Die uitvoering van die Bach tjellosolo was soos kenmerkend van De Machula, van hoogstaande gehalte.

PETER FRANKL

Saterdag 20 April het Peter Frankl hier in Potchefstroom opgetree en vir almal wat na hom geluister het, was dit 'n groot voorreg. Die uitgangsidee van die sonate in B mol-mineur is die dodemars — reeds 2 jaar vantevore gekomponeer — en die eenheidsidee word deur 'n verband tussen verskillende motiewe geskep, maar veral ook deur die algemene gevoelssfeer in die werk. Die organiese verband van die dodemars met die res van die werk spreek die duidelikste in die uiters merkwaardige laaste deel. Peter Frankl het ook nog Sonate in E mol-majeur van Haydn gespeel, asook 2 Scherzi uit Wanderer-Fantasie van Schubert.

TOEGIFTE

Die toegifte is met groot applous ontvang, en Potchefstroom sal Peter Frankl nie gou vergeet nie.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

ADVERTENSIEBURO
Studenteraadskantoor
P.U. vir C.H.O.

BEKENDMAKING

TIKWERK Skakel mev. Van der Walt by Tel. 3107. Alle ure.

TIKWERK: Vir hoë gehalte tikwerk, skakel mej. A. van der Walt, na-ure Von Weillighstraat 29. Tel. 7177.

TIKWERK word onderneem deur mev. Labuschagne, Militêre Kamp. Tel. 2211, Blyn 95.

J HEIDEMA
vir
FIETSE
en vakkundige
Herstelwerk

Opberging
van fietse gedurende vakansies.
Kerkstraat 48 — Tel. 5319

na aksie.. satisfaksie



vol-ja smaakvol

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA VIR RIGGIO TOBACCO CORPORATION OF NEW YORK UNITED



WILLIE COETZEE



WILLIE VAN DER WESTHUIZEN



BEA MARAIS



FANIE VAN ZYL



DAWID BOOYSEN

Foto — Fotokuns.

Vyf Springbokke vir Puk

DIE Puk het verlede Saterdag sy grootste sportprestasie ooit behaal toe nie minder as vyf van sy atlete gekies is vir die Springbokspan wat gedurende Julie vanjaar deur verskeie Europese lande sal toer. Die span, wat uitaltesaam 20 atlete bestaan, is aangekondig na afloop van die „Byeenkoms van Kampioene" wat op die Bill Swart-ovaal plaasgevind het.

Die Puk se vyf atlete is Willie Coetzee (110 meter hekkies) Willie van der Westhuizen (100 en 200 meter), Bea Marais (800 meter vir dames), Fanie van Zyl (1500 meter) en Dawid Booysen (Mansgewigstoot).

Willie van der Westhuizen, Bea Marais en Dawid Booysen sal vir die eerste keer die Springbokbaadjie aantrek, terwyl Willie Coetzee en Fanie van Zyl reeds in 1966 vir die eerste keer hul kleure verwerf het.

KAPTEIN

Willie Coetzee, wat terloops as kaptein van die span na Europa aangewys is, het Saterdag sy beste prestasié van die seisoen behaal toe hy die hoë hekkies gewen het in 14.0 sek., Dit is net 'n rapsie stadiger as sy S.A. rekord van 13.9 sek.

100 METER

Willie van der Westhuizen het bewys waarom hy die S.A. naelloopkampioen is, toe hy in die 100 meter 'n goeie tweede plek na Paul Nash behaal het. Willie se tyd van 10.3 sek. is sy beste ooit oor die afstand en dit ewenaar ook die Olimpiese kwalifiserende standaard. In die 200 meter het Willie die vierde plek behaal met 'n tyd van 21.4 sek.

Bea Marais, die Puk se voorste vroue-atleet het bewys dat haar onlangse oorwinning op die S.A. Kampioenskappe oor die belowende Thea Kitshoff nie 'n gelukskoot was nie. Bea het weer haar teenstander oor die laaste-50 tree getroef.

GEWIGSTOOT

Dawid Booysen, die Puk se sterk gewigstoter, het ook vir 'n briljante vertoning gesorg toe hy die 16-ponder 60 vt. 4½dm. vér gestoot het. Dawid het in die werpskyf ook 'n tweede plek verower met die beste afstand van sy loopbaan van 168 vt. 9 dm.

Fanie van Zyl, die S.A. rekordhouer vir die 1500 meter en die myl, het nog nie volkome herstel van sy voetbesering nie en kon dus Saterdag nie deelneem nie.

REKORDS

Saterdag se byeenkoms, waar twee S.A. rekords en sewe Wes-Transvaalse rekords opgestel is, was 'n groot sukses en het die seisoen op 'n hoë noot laat eindig.

Die trofeë vir die beste mans- en damesatleet op die byeenkoms is onderskeidelik deur Paul Nash en Annatjie Botha verower.



Paul Nash, Suid-Afrika se wêreldrekordhouer oor die 100 meter, ontvang 'n medalje van mev. A. Bird na sy oorwinning in die 100 meter verlede Saterdag op die Byeenkoms van Kampioene. Links is Willie van der Westhuizen, wat in dieselfde wedloop die beste tyd van sy loopbaan in die nommer, nl. 10.3 sek., behaal het.

Foto — A. Silber.

Liberalia, Makouvlei speel gelykop

Liberalia se grootste interkoshuisrugbybotsing van die jaar het gelykop verloop en geëindig.

Dawie du Plessishuis-Noord het gelykop gespeel, met vyf punte elk, teen hulle grootste teenstanders op die gebied van interkoshuis rugby, Dawie du Plessishuis Suid.

Liberalia, Dawie Dup-Noord het eerste punte aangeteken toe senter Gerhard Greef gaan druk en heelagter Gerrie van Rooyen vervyf het. In die tweede helfte het Suid se senter Chris Rautenbach gaan druk en losskakel Koppies le Roux het vervyf.

GENADE

Die telling is 'n goeie aanduiding van die wedstryd. Nie een van die spanne het genade gegee of gevra nie en niemand is enige beweegruimte gegun nie.

Die spelers van albei spanne het man-vir-man baie goed gespeel en niemand kan uitgesonder word nie.

Ten spyte van Liberalia se groot vorige oorwinning, van 27—3 oor Over de Voor-Noord was die span nie oormoedig nie en dit het bygedra tot die voortdurende harde spel wat die span gespeel het. Suid wat ook nog nie 'n wedstryd verloor het nie was ook nie oormoedig nie en het voortdurend probeer om met hulle agterlyn te slaan.

Wat gaan gebeur as albei die spanne in die eindrondte van die interhuiskompetisie uitkom en weer teen mekaar moet speel, is 'n ope vraag.

DRIE PUKKE SPEEL VIR W.-TVL. O/20

'n Hele aantal Pukke het aan die Wes-Transvaal 0/20 proewe deelgeneem en die uitblinkers D. van Aswegen, Tinie van Schoor, Kobus van der Walt, Danie Kock, Stefan Schutte en Basjan Reinhardt, het aan die finale proewe deelgeneem.

In die Wes-Transvaalspan wat Saterdag naelskraap 3—0 teen Oos-Transvaal verloor het, was drie Pukke terwyl een nie kon speel nie. Hulle is Danie Kock (wat Wes-Transvaal al die afgelope twee seisoene verteenwoordig en ook vir die Puk se eerstespan speel en vanjaar kaptein is), Tinie van Schoor (wat baie belofte vir die toekoms inhou), Basjan Reinhardt en S. Schutte wat nie kon speel nie.

VOORSPELERS

Die Wes-Transvaal se voorspelers het maar swaar geleef teen hulle swaarder teenstanders en kon nie die verlangde diens aan hulle wakker agterlyn gee nie. Die Oos-Transvalers se losskakel het ook die spel baie toegehou met sy skopskoen.

Die enigste punte wat in die wedstryd aangeteken is, het in die tweede helfte gekom deur 'n strafskop.

„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

Turkstra

te kry by u kafeteria

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

Boeke vir Studie en vir Ontspanning

PRO REGE-PERS BPK.

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

Kerkstraat 91—95 Telefoon 5236/4944

H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431

POTCHEFSTROOM

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

Tomstraat 92 Telefoon 5032

POTCHEFSTROOM

— Ons hou alles aan wat dames benodig —

Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal.